Die Olielamp

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Liewe Lesers,

Spanje, en ook die hele wêreld, is onlangs geruk toe 'n bom die lewens van honderde pendelaars op 'n trein in Madrid geëis het. Gruweltonele het die televisieskerm oorheers, koerantvoorblaaie en tydskrifte het lesers met skok laat stilsit. Selfs 'n klankbeeld waar 'n vrou met iemand oor haar selfoon gepraat het toe die bom afgegaan het, is uitgesaai. *Newsweek* beskryf dit as Europa se 9/11.

Skielik is sekuriteit op lughawens, in groot sentrums, stasies en alle groot areas verskerp. Die wêreld is weer op sy hoede. Soveel terreuraanvalle het hulle die afgelope twee jaar afgespeel: die wêreldhandelsentrum-vliegtuigramp van 9/11, antraksaanvalle, die gyselaarsdrama in Moskou, die Bali-bom en nou die aanslag op Madrid.

Hoeveel bomme en rampe gaan die wêreld nog moet ruk voor hulle besef dat hulle God moet aanroep? Voor hulle besef dat hulle alleen niks sal kan regkry nie. Die mens vernietig homself. God roep ons elke dag om Hom te ken in alles wat ons doen. Laat ons nooit vergeet dat God die Almagtige is nie. Die mens wik, maar God beskik.

Hierdie April-uitgawe is 'n volgepakte en diverse uitgawe. Van huisbesoek en die wederkoms tot engele word aangeraak. Die artikel van Bitter Bekommerd in die vorige uitgawe het groot opskudding onder die jeug en oud-jeug veroorsaak. Antibekommerd het 'n reaksie geskryf. Lees gerus hoe Antibekommerd oor die saak voel. Ons mag ook spog met 'n artikel uit Johannesburg! Die Olielamp hoop om in die toekoms baie meer van die jeug uit Johannesburg te hoor. Onthou dat enigiemand welkom is om 'n artikel te skryf – jy hoef nie wag tot jy gevra word nie.

Hopelik is jy geregistreer om te stem. Mag jy 'n weldeurdagte stem uitoefen. Geniet die langnaweek en besef die voorreg wat ons mag geniet om God in vryheid te kan dank dat sy Seun vir ons aan die kruis gesterf het.

Paasgroete

Tanya de Vente
Pretoria redaksie

Jaargang 8 nr 3, April 2004

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit Die Woord	**2**
Die groot raaisel?	2
Die wederkoms	3
Op Pad	**4**
Ons jeug en God se voorsienigheid	4
Die Wedloop	5
Eenheid in Christus	6
'n Blik op die lewe van ...	7
Shirley Maloma	7
Voel Jy Ook So?	**9**
Engele	9
Huisbesoek: Hoe staan ons jeug daarteenoor?	10
Die Natuur	11
Kuns en geloof (III) – Goya vs JL David	12
Deur die Sleutelgat	**13**
Voetspore	**15**
Ander	**16**
Knoppie in die heelal?	16

UIT DIE WOORD

DIE GROOT RAAISEL?

Alfred Haak

Met die eerste oogopslag herinner die opskrif van Ps. 73 aan 'n Sherlock Holmes-misterie (vir die leser altyd 'n misterie, maar nie vir die vreeslose Sherlock en sy regterhand, Watson, nie!). In 'n sekere opsig, met alle respek wat die Bybel toekom, is dit hier ook die geval. Vir 'n kind van God wat nie Asaf se siening al self beleef het en dus persoonlik in die stryd gewikkel is nie, is die raaisel een wat maklik opgelos kan word. Vir dié van ons wat Asaf sekondeer in sy woorde en gedagtes van Ps. 73, kan dit voorwaar na 'n onoorkombare probleem lyk. Ons loop dan die gevaar om, soos Asaf, by die punt te kom waar ons aan God se regverdigheid twyfel. Dit trek ook direk die bestaan van God in twyfel; regverdigheid en God is immers onskeidbaar.

Asaf, die koorleier in die tyd van Dawid, erken self dat hy onredelik was. In vers 22 sê hy: "… was ek dom en sonder insig; soos 'n redelose dier …". Hy is dus vervul deur afguns en jaloesie teenoor die goddeloses wat op die oog af so goed doen in die lewe. Enigeen wat beweer dat Asaf die eerste is wat so voel, is naïef. Dit is tog te maklik om na ander mense te kyk en te wens dat ek soveel geld (of wat dan ook al) soos daardie persoon kon gehad het. As ons nie reggehelp word nie, kan dit maklik ontaard in 'n aanklag teen God.

Die hoofsaak in dié geval is die oogpunt waaruit die goddeloses se skynbare voorspoed gesien word. As hulle voorspoed slegs gesien word as "hulle het geen bekommernisse in die lewe nie", is ons oppervlakkig besig en volgens my in elk geval verkeerd. Die lewe as ongelowige moet 'n ongelooflik onsekere affêre wees. As dinge glad loop, is daar geen probleem in hul oë nie, maar wat gedaan as dit begin skeefloop? Geen God om op te vertrou nie, maar net voortploeter en hoop daar's beter tye vorentoe. Wanneer ons onder die oppervlak van die goddeloses se lewe kyk, is dit egter 'n perd van 'n ander kleur. Waarvoor leef hulle behalwe geld? En wat word van hulle as hulle sterf? Hulle versamel dus so veel moontlik geld vir 50 jaar, tree dan af en gebruik die geld waaraan hulle 'n halwe eeu gespaar het om hul oudag te geniet.

As ons as Christene eers dít kan insien, word die 'Groot Raaisel' glashelder. Wat maak 'n leeftyd duskant honderd jaar saak as ons kan uitsien na 'n leeftyd saam met God? Ons kan eerder as Christene leef uit dankbaarheid tot God dat Hy sondige mense as sy kinders aanneem en daarna 'n leeftyd met hul Vader laat deurbring, as wat ons 'n 'kommerlose lewe' op aarde ly en daarna vir alle ewigheid pyn en lyding ervaar. Die minuskule lyding wat ons op aarde moet verdra (in verhouding met

REDAKSIES:

Pretoria
Redaktrise: Tanya de Vente tanyadevente@absamail.co.za
Sekretaresse: Petra Ros
Lede: Arjan van Houwelingen; Marius Bijker
Illustrasies: Alex van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Linda de Vente
Sekretaresse : Mirjam de Vries
Penningmeester : Erik Visser
Lede: Elizabeth Aartsma
Wilna Kerkhoff
Thys van de Hout

Kaapstad:
Redakteur – Sjirk Geerts
Artikelversorger - Corrien Geleynse
Teksversorging - Sandra Scheltens
Sekretaresse - Lieneke Eefting
Finansies - Albert Drijfhout

Administrasie & uitleg
Administratief en Finansies: Hilda Middeljans
Uitleg: Arjan Bijker bijker@absamail.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee.
Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

die lyding van die hel), behoort ons nie af te skrik nie – ons het in elk geval 'n barmhartige God wat altyd by ons is. God vra ook nie geld nie, net ons gehoorsaamheid.

Die mooi van die psalm lê daarin dat dit nie net 'n algemene probleem verwoord nie, maar in dieselfde asem ons vertroosting aanwys. Asaf erken in vers 23 dat God hom nooit alleen gelaat het nie, ook nie toe hy op die punt was om Hom te verloën nie. "Tog was ek altyd by U," nie omdat Asaf so goed is nie, "want U vat my aan die hand. U lei my met U raad en aan die einde sal U my in ere by U opneem." Wie gee dan nog om of hy genoeg geld het!

Matteus 5:12 lees: "Verbly en verheug julle omdat julle loon groot is in die hemele." Gaan die saligsprekinge nie juis oor gelowiges wat salig is omdat hulle regverdig is nie? Nêrens in die saligsprekinge lees ons tog "salig is die wat baie geld het" nie! By God alleen kan ons rus vind vir ons siele, 'n diep en allesomvattende vrede wat ons hele lewe oorheers. Rykdom bring net sy eie probleme, God kom en neem die juk van ons skouers af.

DIE WEDERKOMS

Natasha Danielz

Wat gaan alles gebeur wanneer Jesus terugkom? Elkeen het wel hulle eie voorstelling van hoe dit gaan wees. Miskien is jy bang, of hoop jy dat dit nog lank sal vat voordat Hy terugkom, omdat jy nog soveel wil doen en beleef. Die wederkoms is hoegenaamd nie iets om voor bang te wees nie – jy mag jou hele lewe lank uitsien na Christus se terugkoms! Ons moet uitkyk en wag, nie soseer na 'n gebeurtenis nie, maar na Iemand. Na die Man wat alles weer goed sal maak en alle sonde en ellende kom uitwis.

Ons weet almal dat die Here gaan terugkom. Watter rol speel dít in ons lewe? Bid ons ooit daarvoor? Of dink ons eintlik nooit daaraan nie? Baie mense worstel met die onderwerp, veral jongmense, omdat hulle hele lewe nog vir hulle voorlê. Ons is ook dikwels nuuskierig na hoe dit op die nuwe aarde gaan wees, en vind dit dikwels jammer dat daar so min besonderhede daarvan in die Bybel is. Blykbaar is dit nie belangrik vir ons geloofslewe nie, alhoewel dit nie verkeerd is om daaroor te wonder en te lees wat die Here vir ons in die Bybel daaroor sê nie. Dit is egter soms moeilik om die grens te trek tussen wat die Here aan ons openbaar en ons eie fantasie.

Wat lees ons dan in die Bybel oor die wederkoms? Daar staan dat die tekens van die tye (voortekens) die terugkoms van Christus sal voorafgaan, so lees ons byvoorbeeld in Handelinge 2:20: "Die son sal verander in duisternis en die maan in bloed voordat die groot en deurlugtige dag van die Here kom". Nog ander tekens word in die Bybel genoem waarop mens kan let, soos aardbewings, bloed, vuur, rookdamp, oorloë, goddeloosheid en baie meer. Dit is 'n groot verleiding om uit al hierdie voortekens te probeer aflei presies wanneer die Here terugkom. Die eintlike doel van die voortekens is dat God mense daardeur waarsku dat Jesus binnekort gaan terugkom en alle manse gaan oordeel. Dit gee Christene hoop, want al gaan dit hoe sleg, ons kan seker wees dat Jesus kom! Terselfdertyd is die tekens 'n waarskuwing vir die ongelowiges – hulle moet hulself bekeer voor dit te laat is.

Ons weet nie presies wanneer Christus gaan terugkom nie, maar ons kan ons voorberei: "**Waak dan**, omdat julle nie weet watter uur julle Here kom nie" (Matt. 24:42). Jesus kom soos 'n dief in die nag en daarom moet ons wakker wees. By sy hemelvaart het Hy al sy terugkeer bevestig deur die twee engele wat net daarna aan die dissipels verskyn het: "Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het" (Hand. 1:11). Die donker nag van ons sonde en ellende sal plek maak vir die (dag)lig van God se genade! Die Heilige Gees leer ons om so met verwagting vorentoe en omhoog te kyk. Baie mense leef vir aardse dinge en steur hulle nie aan God se waarskuwing nie:

"… *want net soos hulle was in die dae voor die sondvloed toe hulle geëet en gedrink het, getrou en in die huwelik uitgegee het, tot op die dag dat Noag in die ark gegaan het, en dit nie verstaan het voordat die sondvloed gekom en almal weggevoer het nie, so sal ook die*

koms van die Seun van die mens wees." - (Matt. 24:38, 39)

By Christus se wederkoms sal almal sy stem hoor en uit die grafte opstaan en almal gaan voor die regterstoel van God verskyn: "… want daar kom 'n uur wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan, die wat goed gedoen het, tot die opstanding van die lewe, en die wat kwaad gedoen het, tot die opstanding van die veroordeling" (Joh. 5:28, 29). Christene mag egter rustig uitsien na die laaste vonnis, want God sal ons, ondanks al ons swakhede en sondes, beklee met wit klere (Op. 7:14). Die nuwe aarde is ons bestemming en Christus lei ons daarnatoe! Op die nuwe aarde gaan God weer onder sy kinders woon en alles gaan nuut wees: "Kyk, Ek maak alles nuut!" (Op. 21:5).

Die Olielamp redaksie vra verskoning vir die verandering van vet en kursief letter na normaal in Anita Drijfhout se artikel oor Alkolisme in die Maart uitgawe. Dit het die artikel baie onduidelik en moeilik verstaanbaar gemaak. Ongelukkig kan die artikel nie weer geplaas word nie.

ONS JEUG EN GOD SE VOORSIENIGHEID

Marius Bijker

Hoe ervaar ons God se voorsienigheid? Die meeste van ons ken al die teorie en weet dat God ons lewens lei en alles gee wat ons nodig het. Tog is daar dikwels soveel dinge waaroor ons wonder en struwelinge wat ons self probeer oplos. Hoekom bekommer ons ons oor so baie dinge op aarde as daar soveel belangriker dinge is wat definitief belangriker is?

Almal van ons weet dat die lewe vol bekommernisse is. Die meeste van ons studente ervaar verskeie 'krisisse' in ons lewens. Vir die werkendes onder ons is terme soos *stres* en *oortyd* definitief nie iets vreemds nie. Behalwe dit alles is daar ook nog alledaagse probleme en bekommernisse …

In Christus se bergrede (Matteus 5-7) lees ons dat ons ons nie hoef te kwel oor ons lewens nie. As God die mossies en die natuur onderhou, hoeveel te meer vir ons as sy kinders? Klink dinge net nie bietjie te wonderlik vir woorde nie? Wie kan in vandag se tyd nog regtig agteroor sit en ontspan met die wete dat God sy lewe beheer?

Dit is juis die probleem in tye soos vandag – ons probeer te veel ons eie lewens te beheer. Ons glo wel dat God sal voorsien en dat Hy ons lewens sal onderhou, maar verkieslik wil ek soveel dinge as moontlik self beheer. Wie staan werklik in beheer van ons lewens? Die mensdom probeer deesdae so 'slim' wees om alles self te reël. Wie gaan nou bid vir reën as die weerburo aanwys dat dit nie moontlik is nie? Hoekom sal ons op die Here se sorg vertrou as ons bankrekening ons nog so 'n paar maande kan dra?

Die Here sorg en voorsien vir alles in ons lewens, nie net vir die onverklaarbare of onbeheerbare dinge hier op aarde nie. Ons moet onthou dat enige vertroue op aardse dinge so onstabiel is soos kan kom. Die enigste fondament in ons lewens is Christus, en die vertroosting dat hierdie fondament jou nooit in die steek sal laat solank jy daarop staan nie, is beslis die grootste liefde en genade wat ons ooit sal ervaar.

God vra van ons om sy Koninkryk eerste te stel. **Besef** ons nog werklik wat dit beteken? As ons Hom eerste stel en werklik op Hom vertrou, kan ons met al ons sorge na Hom kom. Hy het ook beloof dat Hy dan vir alles sal sorg. Dan hoef ons ons geensins meer te bekommer oor enige probleme wat ons ervaar nie. Ons mag weet dat Hy ons hele lewe bestuur – die

grootste teenslag maar ook die kleinste voorspoed.

Abraham het amper sy eie seun geoffer omdat die Here dit van Hom gevra het. Volkome en blindelingse vertroue is wat die Here van ons soek. Nie "ja, maar" of "later, Here" nie. Ook nie "ek wil eers jonk wees en my lewe geniet, Here" nie. Ek is oortuig dat die Here ook wil hê dat ons ons jeug moet geniet. Hoe kan mens jou jeug regtig geniet sonder die wete dat die Here oor jou waak en dat jy jou nie hoef te kwel oor jou eie lewe nie?

Sonder Christus en sy voorsienigheid is ons lewe juis vol probleme – gewaarborg! En as ons sy Koninkryk eerste stel in ons lewens, hoef ons regtig nie te *worry* oor die kleiner dinge hier op aarde nie. Ons mag dan lewe met die wete dat die Skepper van hemel en aarde ons versorg en dat Hy sal voorsien. Al gaan dinge nie altyd soos wat ons wil hê dit moet gaan nie, mag ons weet dat Hy steeds in beheer is en die beste vir ons doen. Sy sorg is die beste sorg wat ooit sal bestaan.

Daar sal egter steeds probleme en moeilike situasies in ons lewens voorkom. Gelukkig hoef ons dan nie ons probleme weg te drink nie, want by Christus is daar geen probleem wat ons kan onderkry nie … Ons almal ken die gelykenis van die saaier – die saad wat tussen die dorings val, maak dit nie. Die dorings is dan nou juis ons vertroue op geld en ander aardse dinge. Ons moet besef dat God volkome vertroue van ons vra sodat daar nie plek is vir dorings om ons op die verkeerde pad te bring nie.

Klink dinge nie net effens te wonderlik nie? Dit is **juis** te wonderlik vir woorde – al is ons sondaars en swakkelinge, God wil die beste vir ons gee. Hy sal en wil vir ons sorg, liggaamlik en geestelik. Daarvoor moet ons in Hom glo en ons afhanklikheid bely – ook in ons uitlewing na ander.

DIE WEDLOOP

Thys vd Hout

Dit is reeds die derde maand van 2004. Aan die begin van die jaar het jy jouself voorgeneem om sekere dinge te doen: uitdagings en doelwitte aan jouself gestel. Het jy dit al bereik, of werk jy nog daaraan? As hierdie vraag aan jou gevra word: "So, hoe gaan dit, wat maak jy nog als?" – dalk 'n vraag wat gestel word uit gewoonte en die antwoord wat gegee word 'n refrein uit die vorige eeu: "goed en self.", "lekker en jy", "stil en rustig", of "nogals besig". Gelukkig groet ons darem …

Moeilike tye! Hoeveel keer hoor ons dié woorde? Woorde wat ons begin frustreer. En tog, hoeveel keer hoor ons van moeilike en slegte omstandighede en ervaar dit nie werklik nie? Ja, natuurlik is daar ook in ons lewens moeilike dinge. As gelowiges mag ons egter nie daarvan weghardloop nie.

Hebreërs 12:1, 2
Ons **moet** die wedloop loop wat voor ons lê. Ons is immers op pad na die jongste dag. In vers 1 word ons reeds bemoedig; **ons is nie alleen nie**: "… terwyl **ons** so 'n **groot** wolk van **getuies** rondom ons het". Ja, 'n skare geloofsgetuies! Kyk maar wat skryf Paulus in

Hebreërs 11:32 en 33. En ook vandag, in ons eie samelewing.

Verder, lê **elke** las af – ook die sonde wat ons so maklik omring. Hierdie las kan moegheid en moedeloosheid wees wat jou hande slap en jou knieë lam maak. Gooi elke las af, "want die poord is nou en die pad is smal wat na die **lewe** lei" (Matt. 7:14). Vergeet en moenie besorgd wees oor die klein dingetjies in die lewe nie (Matt. 6:25-34). God weet wat ons nodig het. Bid ook vir die werking van die Heilige Gees, want van onsself is ons geneig tot alle kwaad.

Loop dan met **volharding** hierdie **wedloop** wat voor ons lê, **die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof**. Dit beteken twee dinge. Eerstens: kyk na Christus "wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het". Ons het ook die vreugde van die wenpaal as 'n ewige saamwees met God. Getuig van sy werk en leef die eenheid in Christus daagliks uit. Tweedens: kyk na Christus as die begin en voleinder van die geloof. Hy het die geloof in jou begin en Hy sal dit ook deur sy Gees volbring. Vertrou altyd op God!

Ons eenheid in Christus: hóé tree ons elke dag op? Val ons maar rond? Is ons diensbaar en meelewend, of is ons egoïsties en skynheilig? Leef ons werklik met die wete dat ons op pad is na die jongste dag? Kort voor sy dood het Paulus gesê: "Ek het die goeie wedloop afgelê; ek het die wenstreep bereik; ek het die geloof end-uit volgehou" (2 Tim. 4:7). Die lewe is 'n wedloop. Dit vra van jou volharding tot die einde toe, met die oog gevestig op Christus, ons Verlosser.

EENHEID IN CHRISTUS

Marcia Anholts

Wat staan daar nie

Die begrip 'eenheid in Christus' is soms moeilik om te verstaan, veral ook weens die feit dat die presiese woorde nie in die Bybel voorkom nie. Gevolglik gee mense self invulling aan hierdie begrip, waaruit dan blyk dat daar heelwat misvattings moontlik is.

Daar word onder andere gedink dat die eenheid in Christus deur ons gemaak moet word. Ons moet dit self daarstel deur die onderskeie gawes wat dan as stene vir die bou van die eenheid dien. Mense dink dikwels dat ons almal 'n aktiewe deel moet bydra om hierdie eenheid daar te stel. Dit kom dus neer op mensewerk. Hierop sal nog baie mense sê dat die mensewerk wel deur gelowiges gedoen word wat deur Woord en Gees gelei word – tog nie so nie!

Andersyds is daar diegene wat die eenheid sien in 'n medemenslike samelewing. Die humaniste het hierdie strewe. As daar nou een terrein is waar die humanisme dit eens is met Jesus Christus as navolgingswaardige persoon, dan is dit in die opdrag om mekaar lief te hê soos jouself en veral daarmee saam die saligsprekinge in die bergrede. In hierdie konteks sou dan die eenheid moet groei in *one big, happy family*.

Ds. J.R. Wiskerke sê in 'n preek oor Sondag 21: "God se Woord is 'n ontdekkende lig. As ons dan hierdie lig gebruik en dit skyn oor die ywer van die hedendaagse eeu, sien ons dat dit net 'n ydel geklets is. As sondige mense wat van nature geneig is om mekaar en God te haat, kan ons dus onmoontlik 'n heilige eenheid vorm. Gemeenskap sonder Christus is net mense se klakkelose praatjies."

Wat staan daar wel

Wanneer dit gaan oor een of eenheid dan staan daar heelwat dinge in die Bybel. Byvoorbeeld in Efesiërs 4:3-6:

*"en ernstig strewe om die **eenheid** van die Gees te bewaar deur die band van vrede. Dit is **een** liggaam en **een** Gees soos julle ook geroep is in **een** hoop van julle roeping; **een** Here, **een** geloof, **een** doop **een** God en Vader van almal, wat oor almal en deur almal en in julle almal is."*

Vergelyk ook 1 Korinthiërs 12:12-14.

Daar is natuurlik nog baie ander skrifgedeeltes wat ons kan aanhaal, maar hierdie twee gedeeltes is voldoende om vir nou te illustreer wat daar wel staan. Ons sien in hierdie

Bybelgedeeltes die eenheid in Christus, eenheid van geloof in die verlossende werk, wat ons in Christus ontvang deur sy lyding en sterwe aan die kruis. Dít is die samebindende faktor. Dít is die eenheid in Christus.

Laat ons weer oplet na 'n gedeelte uit die preek van ds. Wiskerke:

Die gemeenskap (of eenheid – MA) *begin nie onder nie, dit kom nie op uit die gesamentlike inspanning van die verdorwe mensekinders nie, dit word nie bereik deur die gebalde vuis van kommunis of sosialis nie ... die ware gemeenskap begin in en deur Jesus Christus. Dit kom van Bo as 'n hemelse geskenk.*

Tot sover die aanhaling. Dit blyk dus duidelik dat die eenheid in Christus 'n feit is. Dit is 'n gegewe! Seker een van die duidelikste skrifgedeeltes wat hierdie hemelse geskenk laat sien, is Johannes 17:19-26. Hieruit blyk duidelik dat diegene wat deur God die Vader aan sy Seun Jesus Christus gegee is, een is in Christus. Let op vers 21: "… dat almal een mag wees net soos U, Vader, in My en Ek in U; dat hulle ook in Ons een mag wees ...".

Eenheid

Dus, die eenheid in Christus is 'n feit, 'n heerlike geskenk deur Christus self daargestel. Die eenheid is 'n geloofstuk. As ons saam bely wat in die begin van Artikel 22 van die Nederlandse Geloofsbelydenis staan, dan bely ons die eenheid in Christus:

Ons glo dat die Heilige Gees 'n opregte geloof in ons harte laat ontvlam om die ware kennis van hierdie groot geheimenis (die versoening deur Christus, Artikel 21 NGB – MA) *te verkry. Die geloof omhels Jesus Christus met al sy verdienstes. Dit maak Hom ons eie en soek na niks anders as na Hom nie.*

Daar is vir ons net Een!

As ons in die kerk Hom dan saam soek, as lede van die een liggaam van Christus en Hom omhels en daar vir ons niks anders is nie as Hy, ons Verlosser en Koning, dan word die eenheid onder ons in sy Lig sigbaar. Dan sal ons, verwonderd oor hierdie groot geskenk, hard werk vanuit sy Krag om daardie geskenk te bewaar.

'N BLIK OP DIE LEWE VAN …

SHIRLEY MALOMA

Willemien Kleyn

Ek kom bietjie laat tuis ná 'n lang dag se klasloop en tref Shirley (gebore op 4 Augustus 1980) reeds by my huis aan. Sy het 'n dag na Pretoria gekom om saam met haar vriendin Portia te gaan soek vir 'n trourok vir dié. Hulle sit altwee daar in ons sitkamer en wag vir my. Ek ken Shirley eintlik al 'n paar jaar as gevolg van verskeie gesamentlike Bybelstudies saam met die jeug van Soshanguve en Mamelodi. Ek het haar egter beter leer ken toe ek einde verlede jaar een van Soshanguve en Mamelodi se jeugkampe bygewoon het. Sy, haar man Herbie, (gebore op 15 Junie 1976) en seuntjie Lethabo (gebore op 23 November 2002) was ook daar. Ons het tydens die kamp baie lekker saam gekuier en het mekaar nog gereeld daarna gekontak.

Werk en Onderrig

Shirley vertel sy is tans hoofsaaklik 'n huisvrou. Sy woon met haar gesin in 'n woonstel op die erf van haar ouers in Soshanguve. Aangesien sy én haar man tans nie 'n vaste werk het nie, kan hulle nie iets beters bekostig nie. Om 'n bietjie ekstra geld te verdien, help sy soms haar familie met was- en strykgoed.

Shirley het matriek in 1997 in Soshanguve voltooi. Daarna het sy vir twee jaar bemarking studeer. Dit was 'n driejaarkursus, maar sy het dit nie voltooi nie. In 2001 het sy 'n internskap as bemarkingsassistent gevind by NECSA, 'n produsent van industriële chemikalieë. Haar kontrak het egter aan die einde van daardie jaar verloop en sy moes die maatskappy weer verlaat. Sy het toe ook in elk geval besluit dat sy nie eintlik bemarkingswerk wil doen nie.

Daarna het sy 'n kort skakelbordopleiding bygewoon: sy het 'n sertifikaat ontvang, maar nooit geleentheid gekry om daardie vaardighede te beoefen nie. Tans is sy besig

met ’n Educare-opleiding by die Tshwane Universiteit vir Tegnologie. Sy doen ook vrywilligerswerk by Lesedi La Ditshaba Laerskool om bietjie ervaring op te doen.

Shirley vertel dat sy hoop om binne die volgende paar jaar haar eie Christelike dagsorgsentrum oop te maak in Soshanguve, en om die volgende redes:

1. daar is nie tans so ’n dagsorgsentrum nie;
2. dit is belangrik dat kinders Christelik opgevoed word in die vrees van die Here; en
3. dit is belangrik dat sulke Christelike onderrig reeds op ’n vroeë ouderdom begin.

Herbie het ’n rekenaarkursus voltooi en het daarna ’n rukkie by Lesedi La Ditshaba rekenaarklasse aangebied. Die rekenaars is egter op ’n stadium gesteel en hy het as gevolg daarvan sy werk verloor. Hy het nou aansoek gedoen vir werk by ’n groothandelmaatskappy. Hulle het vir hom werk gegee, maar Shirley verduidelik dat hy waarskynlik eers in April sal kan begin. Die maatskappy is grotendeels in Johannesburg gevestig, maar het blykbaar ook ’n Pretoria-tak en Shirley hoop en bid dat hy daar sal kan werk. Sy sê dat dit baie moeilik vir hulle sal wees as hy in Johannesburg sal moet werk.

Vir die tydperk wat Herbie werkloos was, het hy baie tyd met Lethabo spandeer. Hy het gehelp om hom te bad, kos te gee en het met hom gespeel. Shirley sê sy dink dit sal nogal ’n verandering wees as hy weer begin werk, want dan sal sy heeltyd vir Lethabo moet sorg.

Gesinslewe

Shirley en Herbie het mekaar by die kerk ontmoet. Toe hulle nog nie getroud was nie (Herbie het nog nie geleentheid gehad om al die lobola af te betaal nie), maar wel verloof, het Shirley swanger geraak. Dit was vir haar ’n groot krisis, want sy wou nie graag hê dat haar kind buite-egtelik gebore moes word nie. Haar ouers het geweier dat sy ’n normale huwelik aangaan aangesien die lobola nog nie afbetaal was nie. Op die ou end het hulle ingestem dat Herbie en Shirley voor die reg trou, maar nie ’n kerklike huweliksdiens of ’n fees mag hou nie.

Volgens Shirley verwag altwee kante van die familie nog ’n groot huweliksfees. Die families is nie eintlik gelukkig daarmee dat die huwelik so geskied het nie. Shirley se familie voel egter sterk daaroor dat die lobola eers afbetaal moet word voordat so ’n groot huweliksfees kan plaasvind, anders sal hulle nie wil deelneem aan die huweliksfees nie. Vir Shirley self is dit ’n groot jammerte dat sy slegs ’n verlowingsring het en dat Herbie glad nie ’n ring het nie. Sy dink dit is belangrik vir altwee van hulle om ’n huweliksring te hê om hul trou aan mekaar te verseël.

Kerklike Lewe

Shirley het Christelik grootgeword. As kind het haar ma haar saamgeneem na die NGK in Mabopane. Toe hulle in 1992 na Soshanguve getrek het, het hulle vir ’n Gereformeerde kerk gesoek en sodoende by die VGK aangesluit. Shirley is nie presies seker wanneer Herbie by die VGK aangesluit het nie, maar vermoed dit is omtrent ’n jaar voor haar.

Tans sien Shirley haar rol in die VGK as ’n mentor vir die jeug. Sy sê dat daar baie jongmense by die Soshanguve Noord (GG) gemeente is – spesifiek 15- en 16-jariges. Sy probeer om hulle te begelei en hulle te help om nie dieselfde foute te maak as wat sy gemaak het nie. Hiermee bedoel sy, onder andere, die feit dat sy swanger geraak het voordat sy getroud is. Sy vertel dat daar in Soshanguve baie jong ongetroude moeders is. Sy wil jongmeisies help om te voorkom dat hulle ook sulke vroue word. Sy doen dit deur te probeer om ’n verhouding met hulle op te bou. Sy sê sy vra hulle dan vrae oor hul verhoudings met seuns – soos “gaan jy uit?” en “is jou ou ’n Christen?”. Sy verduidelik vir hulle die gevare waarvoor hulle moet oplet.

Die jeug in Soshanguve Noord hou elke Vrydagaand Bybelstudie vanaf 17:00. Tans bespreek hulle Jerry Bridges se boek “Trusting God”. Shirley noem dat die ouer jeug dit nou oorweeg om ’n Bybelstudievereniging vir jong volwassenes te begin. Volgens haar sukkel baie van die jong volwassenes om Vrydagaand Bybelstudie by te woon en voel hulle ook nie heeltemal tuis daar by die jonger jeug nie. Hulle dink daaroor om op Sondae te vergader na die oggenddiens. Hulle het reeds met die ouderlinge gepraat, maar daar is nog niks definitief gereël nie.

Afsluitingsboodskap

Ter afsluiting het ek vir Shirley gevra of sy 'n boodskap het wat sy wil deurgee vir julle, die lesers. Haar antwoord:

Dit is uiters belangrik vir ons as Christene om te lewe soos ons behoort. Ons moet na Christus kyk as ons voorbeeld, as ons Heer en Heiland. Ek dink die probleem met die jeug in al die kerke is dat ons verlei word om te maak soos die wêreld maak. Wees anders – ons ís anders. Wees die lig, sodat mense sal kyk en Christus sal sien.

Beste redaksie

Graag wil ek reageer op die artikel van Bitter Bekommerd, in die laaste *Olielamp*. Die erg negatiewe toon van die artikel het my baie gepla. Dit laat dit lyk of ons jongmense oor naweke net aan *party* hou dink met rook, drink en vry. Dis nie net '"n bietjie veralgemeen"nie, maar sommer baie. Ek ervaar die artikel wel as veroordelend en vingerwysend! Laat ek vooropstel: ek is nie meer 'n jongmens nie en het al baie kere 'n klomp jongmense hier vir koffiedrink gehad as ons vir 'n naweek weg was of met vakansie. Meer as een keer het bure my geklomplimenteer met die gedrag van die jongklomp, en gewoonlik was daar **'n klomp**. Een reaksie was "wat 'n pragtige klomp jongmense is dit, jy hoor hulle nie, hulle kuier buite op die gras, maak 'n vuur en gesels". Ander een: "Dis seker almal kerkjeug, daar is geen geraas van klipharde musiek nie en hulle kuier om 'n vuurtjie". Daar was nog meer positiewe reaksies. Ek wil net vir Bitter Bekommerd sê miskien kan jy self 'n slag 'n geselligheid reël en dit dan probeer invul soos jy graag wil hê dit moet wees.

Dis maklik om vinger te wys, maar vergeet nooit dat as jy wys, wys daar drie terug na jou! Ek wil afsluit met een opmerking: "ek glo nog in ons jeug". Wees positief en bou mekaar en bid vir mekaar, steek jou gevoelens en bekommernisse nie vir mekaar weg nie. Die "jeug van teenswoordig" is nie slegter as toe ek nog jonk was nie, net, dinge word anders gedoen, maar daarom nie dadelik slegter nie. Laat ons vir elkaar bid – oud vir jonk en jonk vir oud – dan bou ons positief aan God se Koninkryk.

Baie liefde. Antibekommerd

ENGELE

Adrian van den Berg

In die Bybel word daar dikwels oor engele gepraat. In die Ou Testament kom die Engel van God en die engel Gabriël veral voor, byvoorbeeld wanneer hy vir Maria vertel dat sy deur die Heilige Gees swanger gaan word, en wanneer hy vir Sagaria vertel dat hy 'n seun gaan ontvang. Daar word ook oor die engel Migael gepraat, die owerste van die leërmagte van engele, en verskeie ander.

In Openbaring kom daar ook telkens engele voor. In Hoofstuk 8 kom sewe engele voor, in Hoofstuk 14:6-13 en 15 kom daar ook engele voor. Die drie engele in Hoofstuk 14 berei die weg voor vir die finale gedeelte van die hoofstuk waarin die oordeelsdag uitgebeeld word. Die eerste engel in vers ses vlieg in die middel van die lug sodat almal hom kan sien en hoor. Hy moet die evangelie verkondig aan al die bewoners van die aarde. Die woorde "alle nasies en stamme en tale en volke" beklemtoon dat dit vir almal bedoel is. Die gedeelte herinner aan die woorde van Jesus Christus in Matteus 24:14:

En die evangelie van die koninkryk sal verkondig word in die hele wereld tot 'n getuienis tot al die nasies; en dan sal die einde kom.

Die verskyning van die engel wys dat die bevel om die evangelie te verkondig van God kom. Die inhoud van die boodskap bevestig dit. Die oproep tot geloof in God, die Skepper en die Regter, wie se dag van oordeel nou aangebreek het met die volbrenging van die versoenende

werk van Christus, kan vergelyk word met Paulus se oproep tot die heidene (Hand. 14:15).

Die tweede engel (vers 8) onderstreep die woorde van die eerste engel, en hy praat asof die oordeel reeds volbring is. Die sekerheid van Babilon se ondergang maak dit moontlik om daarvan te praat asof dit reeds gebeur het. Babilon, wat al die nasies laat drink het van die wyn van die grimmigheid van haar hoerery, word voorgestel as 'n groot hoer wat die nasies verlei het tot afgodediens en onsedelikheid. Babilon se val word verklaar as die laaste waarskuwing voordat God sy toorn oor die nasies uitstort.

Die derde engel se boodskap is een van verdoemenis vir die aanbidders van die dier en sy beeld en die draers van sy merk. Dit word uitgebeeld in die beeld van die drink van die wyn van God se toorn. In Johannes se tyd is wyn verdun voordat dit bedien is, anders was dit te sterk om te geniet. Tot op hierdie tyd was die wyn van God se regverdige oordeel nie met volle krag bedien nie. In die dae van die oordeel sal die wyn van die toorn van God egter onverdund bedien word en die antichriste sal dit drink.

Van hierdie drie voorbeelde kan mens sien dat die engele diensknegte van God is. Hulle is onder God se bevel en beheer, en Hy gebruik hulle om sy wil op aarde uit te voer en sy reg te laat geskied. Daar is nog talle voorbeelde, veral in Openbaring, waar engele God se lof besing en Hom prys en aanbid.

HUISBESOEK: HOE STAAN ONS JEUG DAARTEENOOR?

Hester Douma

Van ons jeuglede het al klaar belydenis van geloof afgelê en ander is besig met belydeniskatkesasie. Hoe dit ook al sy, elkeen van ons het al te doen gekry met ouderlingbesoek, of dit nou individueel was of saam met ons ouers.

Aangesien die artikelonderwerp wat ek gekry het betrekking het op die jeug, het ek ook die jeug van die VGK Kaapstad hierby betrek deur hulle die volgende vrae te vra, wat elkeen individueel beantwoord het:

A. Het jy al ouderlingbesoek ontvang en hoeveel keer? (Ek wil net duidelik maak dat van ons jeuglede al ongeveer vyf jaar in die Jeugvereniging is.)
Antwoord: ja en nee, die aantal kere wissel van een tot vier keer.

Dit is dan 'n kort opsomming van hoe ons jeug teenoor Huisbesoek staan. Dit is verstaanbaar dat almal nie dieselfde hieroor voel nie en daarom moet ons as kerk en gemeenskap van die Heiliges saam hieraan werk sodat Huisbesoek 'n positiewe gevoel by almal sal nalaat.

B. Het dit vir jou iets beteken?
Antwoord: ja en nee.
Ja: bevestiging van 'n ouer persoon en dit gee jou 'n kans om met 'n ouer generasie (nie jou ouers nie) te kommunikeer oor sekere sake wat betrekking het op geloof.
Nee: geen bykomende kommentaar.

C. Het jy met vrymoedigheid met jou ouderling gepraat?
Antwoord: ja en nee.
Ja: dit was makliker om met my ouderling te praat as met my ouers en dit is wel gesellig.
Nee: die ouderdomsverskil maak dit soms moeilik en dit hang af wie jou ouderling is.

D. Sien jy uit na jou volgende besoek?
Antwoord: ja en nee.
Ja: geen verdere reaksie.
Nee: dit voel soos 'n verpligting.

Alhoewel ons almal in die VGK opgegroei het en 'n naam by 'n gesig kan plaas, dink ek tog dit is noodsaaklik om persoonlik kennis te maak met jou spesifieke ouderling. Meelewende lidmate wil graag weet wie hul ouderling is. Die ouderling moet spontaan, hartlik, belangstellend en aangenaam wees. Hy moet die liefde van Christus uitdra sodat die jeuglid met groot vrymoedigheid na die besoek sal uitsien.

"Hoe kan die jongmens sy lewe skoon hou? Deur hom te hou aan u Woord" (Ps. 119:9)

"U woord is die lamp wat my die weg wys, en die lig op my pad" (Ps. 119:105)

"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy oud is nie daarvan afwyk nie" (Pred. 22:6)

Hierdie tekste geld vir ons jongmense binne die gemeente om ons sterk te maak teen die aanslae van die duiwel met die hulp van ons ouers, die ouderlinge en die predikant.

Die ouderling van 'n jeuglid moet die gawe hê om goed met jongmense oor die weg te kan kom, om die jeuglede te begelei op hul pad na volwassenheid binne die geloof. En hy moet deurdronge wees van die feit dat die jeug in die gemeente van primêre belang is vir die kerk.

Die ouderling moet in staat wees om na die jeuglid te luister en om te probeer verstaan wat agter hulle woorde steek. Ook om hul lewensklimaat te verstaan en in verstaanbare taal oor die Woord van God te praat oor belangrike sake soos:

- Werksomstandighede/studies;
- Jou verhouding met jou ouers en die res van die gesin; en
- Jeugvereniging/katkesasie.

Ek dink ouderlingbesoek is noodsaaklik en leersaam. Die Here het die spesifieke mense deur sy gemeente uitverkies om aan ons die gemeente, die jeug inkluis, leiding te gee. Daarom moet jy as jeuglid oopstaan vir huisbesoek en nie skaam wees om met jou ouderling te gesels oor jou lewe, die kerk of huisgesin nie. Ons vorm saam die gemeenskap van die Heiliges en is daar om vir mekaar te help en na mekaar te luister.

DIE NATUUR

Cornelia Kerkhoff

Soos ek hier – vir die soveelste keer – in die draai van CR Swartrylaan se oggendspitsverkeer in die motor voortkruip, begin ek wonder wat van Suid-Afrika se openbare vervoerstelsel geword het. Niemand ry regtig deesdae meer trein of bus nie, omdat mens se veiligheid nie meer verseker kan word nie, en gevolglik het die openbare vervoergehalte drasties gedaal.

Terwyl ek die lang ry motors voor my verwens, wonder ek waarom Suid-Afrika dan nog nooit weer 'n goeie, moderne en veilige openbare vervoerstelsel gekry het nie?! Die meeste oorsese lande maak baie suksesvol van veral treinvervoermiddele gebruik; waarom nie ons nie? Is ons dan regtig so onderontwikkel soos ander derdewêreldlande? Stel jouself net voor hoeveel minder besoedeling daar sal wees en boonop hoeveel tyd en irritasie jou gespaar sal word!

Toe ek uiteindelik weer so 'n paar meter vorentoe vorder, begin ek om my rondkyk en vir die eerste keer sien ek hoe mooi dit werklik daar rond die vleiland (wat grens aan die draai van CR Swartrylaan) is! Dis nou nie asof ek vir die eerste keer daar verbyry nie, maar dis die eerste keer dat ek regtig kyk, EN SIEN hoe mooi dit werklik nog daar is!

So is daar defnitief nog talle ander pragtige natuurtonele in die omgewing om ons, wat net nog nooit raakgesien is nie! Kyk ook byvoorbeeld na die Magaliesberg! In ons gejaagde lewens mis ons deesdae so vreeslik baie. Die ding wat tien teen een die meeste verwaarloos word in ons era van moderne tegnologie, is die waardering van ons natuur. God het hierdie pragtige geskenk uit liefde in ons hande gegee, vir ons om dit tot die beste

van ons vermoëns te versorg en te waardeer, en partykeer staan ons en sien dit nie eens raak nie!

As jy oorsee gaan, verkyk jy jou gewoonlik aan die natuurskoon. Jy staan verwonderd teenoor die grootheid van alles, oor die verskillende kleure, teksture en vorme van die verskillende landskappe. Ons neem soveel moontlik daarvan in en probeer dit in ons geheues ets. Maar sodra ons weer ons voete op eie bodem het, is alles weer in 'n oogwink dieselfde en word ons vasgevang in ons veeleisende lewens. Die skoonheid en uniekheid van ons eie vaderland raak verlore. Ons het dan baiekeer nie meer tyd om net vir 'n oomblik stil te staan en rondom ons te kyk nie.

Miskien moet ons na ons eie land en natuur kyk asof ons vir 'n lang tyd oorsee gaan en dit miskien nooit weer sal sien nie. Sal ons nie dan die natuurskoon baie meer waardeer nie? Wie weet, miskien kom daar tog iets goeds uit die senutergende voortkruipery in spitsverkeer! Dit sit jou aan die dink en laat jou met ander oë na dinge om jou kyk en laat jou die natuurskoon soveel meer waardeer. Partykeer het mens negatiewe situasies nodig om die positiewe en mooi dinge raak te sien!

KUNS EN GELOOF (III) – GOYA VS JL DAVID

Alex van Houwelingen

In die 18de eeu het daar amper tegelyk twee style in kuns ontwikkel. Hierdie style, die Neo-Klassisisme en die Romantisisme, was behalwe tydgenote ook mekaar se teenpole. Die style sal bespreek en vergelyk word na aanleiding van Jacques-Louis David (Neo-Klassisisme) en Francisco Goya (Romantisisme).

Die Neo-Klassisisme se doel was om 'n vaste, stywe styl van redelikheid in hulle kuns te verkry, met duidelike, amper akademies perfekte figure en 'n mate van styfheid. Dit het gedien as navolging van die klassieke Hellenistiese styl van die Griekse kuns, waar ongelooflike beelde uit voortgekom het. Die natuur, die tasbare, was die waarheid. Daar was nie plek vir enigiets wat ook maar effens spiritueel was nie.

Romantisisme daarenteen, is juis grillig, sonder enige rede. Een van die hoofpersone van die beweging, Francisco Goya, het selfs 'n baie bekende ets (van die Los Caprichos-reeks) gemaak met die titel "El sueño de la razon produce monstruos" (Die droom van die rede verwek monsters). Dis 'n styl van demone, van die spirituele en die onsigbare. Die Neo-Klassieke uitkyk was dat alles wat akademies bewys kan word, die enigste waarheid en vastigheid is, maar die Romantisisme het geen vastigheid nie. Niks is vas nie, alles is moontlik, en meestal is daar nie veel positiefs wat mens kan verwag nie. Waar die Neo-Klassieke uitkyk afgelei is van Descartes se "Ek dink, daarom bestaan ek", het die Romantisisme anders geredeneer: "Ek voel, daarom bestaan ek".

Die style se uitkyk kom baie verskillend voor, maar is in wese afhanklik van mekaar en ook afgelei van dieselfde gebeurtenis. Dié gebeurtenis is naamlik die Franse Rewolusie. Hierdie rewolusie is onder andere gelei deur manne soos Danton, Marat, St. Just, Robespierre en sy vriend Jacques-Louis David. Waar Robespierre die 'baas van die politiek' is, is David die 'baas van die kwas'. In 1792 besluit die Nasionale Konvensie om die Christelike jaartelling af te skaf. Die jaar 1 het vir dié rewolusionêre groep begin op 22 September 1792, die dag waarop hulle God as hulle koning afgeskaf het.

Een van die leiers van die rewolusie, Marat, het homself as L'Ami du Peuple (Vriend van die volk) beskryf. Hy het die rewolusie gesien in dieselfde lig as Christus se sterwe en die 'rewolusie' daarvan. Christus was sy voorbeeld, hy het die evangelie in die ideologie van die rewolusie verduidelik. So het talle mense hom onwetend gevolg. In 1793 word Marat doodgesteek deur 'n jong vrou terwyl hy in sy bad sit. Hiermee word Marat nog meer as 'n Christus van die nuwe era gesien, en word hy 'n "Martelaar vir die Rewolusie" genoem.

Jacques-Louis David maak hiervan 'n skildery: hy sien homself so as die verkondiger van die evangelie van Marat, die predikant van die nuwe era. Hy skryf ook onder aan die skildery "l'an deux", wat beteken dat die skildery in die jaar 2 van die rewolusie geskilder is. Die skildery word op 'n altaar geplaas en Marat se liggaam word later in die Pantheon, die tempel van die gode, gesit. Marat word in die rewolusionêre ideaal die nuwe Christus gemaak.

Om en by dieselfde tyd is daar 'n ander kunstenaar werksaam, wat die ander kant van die rewolusie toon. Sy naam is Francisco Goya, 'n vrydenker en 'n skeptikus wat alles in twyfel trek. Goya wil nie die akademiese korrektheid weergee in sy kuns nie; hy soek die mens. Daar is geen ideale in sy kuns nie (soos David), slegs 'n harde vertoon van die uitsiglose werklikheid. Een van sy etse is 'n goeie voorbeeld van sy uitkyk: "Donker voorgevoelens van wat gaan gebeur" (sien afbeelding) is 'n afbeelding van Jesus in Gethsemané. Die paniek is sigbaar op sy gesig. Goya het egter homself waarskynlik hier uitgebeeld in Christus se posisie. Hy maak homself die Man van Smarte, want sy lewe is so moeilik en so sonder uitsig. Goya se werk word veral gekenmerk daaraan dat hy geen uitsig sien nie. Ook al wys van sy werke op die Groot Verlosser, belig hy dit slegs uit sy 'ideologie' van die ellendige gebeurtenisse en uitsiglose tye.

Beide kunstenaars en kunsbewegings toon dieselfde probleem. Geeneen wil Christus as hul verlosser erken nie. David wil 'n algehele rewolusie laat opkom en sien dan aardse mense soos Marat as die nuwe verlosser, skrywend tot die dood ten voordele van die volk. Maar Marat was dood en kon niemand regtig verlos nie. Hy was slegs nietig soos elke mens. David wou nie insien dat Marat se dade niks is in vergelyking met die Ware Verlossing nie. Goya erken in sy werke die bestaan van Christus, maar glad nie die verlossende werk van Hom nie. Hy is gefassineer deur die gebeurtenisse op Gethsemané en sien dit as 'n tipiese uitsiglose gebeurtenis wat homself oor en oor herhaal. Hy vereenselwig homself met Christus, omdat hy ook so in die lewe moet ly. Maar dat Christus dié lyding van elke mens weg kan neem en dat Hy dáárvoor gesterf het (om ons stryd teen die ellende van die sonde weg te neem), wil hy nie erken nie.

Deur die sleutelgat

Welkom getroue medeloerders,
Daar was ’n afname in aktiwiteit wat volgens betroubare bronne toegeskryf kan word aan die ‘oriëntasieproses’ net na die begin van elke jaar. Die meeste studente besef dan dat die werk van die eerste kwartaal toe nou nie so min en maklik is nie en word daar verbete aan die werk gespring om dinge reg te stel. Dit is ’n veelvoorkomende probleem wat almal in mindere of meerdere mate jaarliks weer meemaak. Gepraat van die donkie wat nie sy kop twee keer stamp nie: as julle meer inligting oor die onderwerp wil hê, kan julle

Na die gebruiklike miskonsepsie van tyd (18:00 is nie vir almal dieselfde nie), het almal darem die pad gevat, met uitsondering van ’n paar onsportiewe, of juis sportiewe, lede wat eerder na die Bulle wou kyk. En dis nou die rugbyspelers waarvan ek praat. Julle sal verskoon word as julle gedink het ek praat van gewone Frieskoei-bulle, beide spesies is ewe dom…! Groepvorming kom natuurlik ook voor in bergklimekspedisies waar sekeres by elke uitsig, boompie en bossie wil stop en Oee! en Aah! en dan is daar dié wat ten alle koste eerste bo moet wees. Natuurlik is dit oordrewe gestel, maar daar was wel twee groepe. Met die agterste groep wat "per ongeluk" die nuwe kontoerlyne van Leeukop vasgestel het toe hulle die pad byster geraak het en blindelings voortgestrompel het. Appie, wat ook deel was van laasgenoemde groep, het in ’n onverwagse wegbreekaksie ’n halfuur vroeër bo gekom. Nogsteeds te laat vir sonsondergang, maar ’n goeie probeerslag, Albert!
Lieneke, Anna en Adriaan het behoorlik die mede-dapperstappers die skrik op die lyf gejaag op die terugweg. Henriëtte was behoorlik aan die gil en skreeu toe daar abnormale geluide te hore was en "iets haar aanval". Volpunte vir die tweede groep wat ook deur die valstrik geloop het en slim se baas wou vang. Net jammer dat slim al 30 meter verby baas was!
Die volgende dag was daar ’n Getroudes teen Ongetroudes sokkerwedstryd. Daar was baie belangstelling van beide geslagte. Die mans het afgeskop teen ’n hoë tempo, wat miskien die ondergang was van die getroudes wat nie die fisiese vermoëns meer het nie. Daar is in ’n goeie gees gekompeteer en hard gewerk in die eerste helfte. Die ongetroudes het onverwags die voortou geneem na ’n vuurpylskoot van Corné wat nie eens op die kyk-weer te sien was nie, so vinnig het dit gegaan. Dit terwyl oom Jaap aan die ander kant van die veld ’n hand vol was vir die ongetroudes se verdedigers. Jacques moes kort kommunikeer met dr. Phil wat al daaroor gepraat het. Ander redes is ook die verjaarsdae van Carien, Sjirk en Corrien. Ons is baie bly dat julle nog ’n jaar ouer kon word!

Gelukkig was daar ’n besige naweek na die lang stilte. Seker die spreekwoordelike stilte voor die storm, of so het dit gelyk die dag voor die beplande "Klim-Leeukop-en-daarna-Clifton-aand". Natuurlik ’n beproefde wenresep. Die weer was toe nie haglik nie en die mense kon geniet van die natuurskoon.
daarna toekyk hoe die bal verby hom suis tot in die net ná ’n wegbreeklopie van Marco. Die stand: 1-1. In die pouse was dit tyd vir die Dames om hul slag te wys en die vele ondersteuners was beïndruk met die feit dat beide spanne die volle 16 minute volgehou het! Clara en Giny het die manne aan die praat gehad met hul uitstekende verdedigingswerk terwyl op die aanval Anja en Elise uitgeblink het.
Ongelukkig kon die dames nie die volgehoue druk omskep in doele nie, selfs nie na ’n strategiese skuif van Lieneke na die middelveld nie. Die eindstand: 0-0. Die manne langs die veld het die taai stryd terdeë geniet en grinnik nou nog!
Die tweede helfte het aangebreek vir die mans en na skitterrende spel langs die linkerflank het

die bal voor Sjirk opgedoem, wat hy heel koelkomkommer verby Herman in die doel gestuur het. Ongelukke gebeur, maar dit was jammer dat Herman vd Linden na ’n onderonsie die veld moes verlaat met ’n gebreekte enkel. Ons hoop hy is weer gou op die been. Die ongetroudes het toe al lankal bloed geruik en kort daarna die wedstryd beklink met ’n puik aksie van Floris wat gesorg het dat die wedstryd buite die bereik van die opposisie is. Floris was in ’n onderhoud na die stryd net spyt dat hy nie nog so ’n ekstra vyf

minute gekry het nie, want dan was die eindtotaal nog twee doele ryker. Voorwaar 'n geslaagde, geswete, geswoegde en genotvolle dag vir almal.

Lekker klasloop terwyl julle nog kan en tot volgende keer, maats*!
(*aanhaling uit episode vier van Wielie Walie, Bennie Boekwurm™)

Geagte Broeders en Susters

Het u al ooit na 'n dag of 'n maand in absolute verwondering gesit oor die feit dat daar 'n bedroeflike klein hoeveelheid dinge gebeur het in die tyd waaroor u dink? Die gevoel kan baie waarskynlik nou heers by menige lede van die Pretoria- en Maranata-gemeente. Daar was geen wêreldoorloë, geen verkiesingspropaganda of patetiese vertonings van die nasionale krieketspan of die Stormers in ons kerke hier in Pretoria nie. Ja, dit was rustig. Tog het ons ons eie rumoer gehad. Die innoverende groepie-stelsel wat die JV van Pretoria vir 'n jaar beoefen het, is meedoënloos deur die Geelkop-Gifappelvoorsitter, weledele Marius Bijker, Uitvoerende Direkteur van die JS, met die grond gelyk gemaak. Terug na die stokou stelsel wat onder wyle Johannes Hus ontwikkel is. Die sisteem van penningmeesters en algemene adjunk, en LET WEL: notules. Na ondersoek is dit beter geag om weer hierdie stelsel te gebruik. Veral die notules het die jeug oor die algemeen met algehele blydskap vervul, sodat Marius eers 'n "enkele woordjie" wou spreek, waarna die mense met besware ook 'n "enkele woordjie" wou spreek en die voorstaanders van die nuwe ou stelsel ook 'n "enkele woordjie" wou spreek. Drie enkele woordjies en drie ure later, het die nuwe ou stelsel dus weer definitief posgevat.

Indien u so bereidwillig was om die vorige Olielamp te lees, dan sou u 'n belangrike onderdeel gemis het by die artikel oor VGK Pretoria se nuwe jeuglede. Want, my edele leser, Baas Riaan het gekort. Nee nee, nie die vader-van-die-volk Riaan Cruywagen nie, maar Riaan Bosker. Die probleem was dat hy te laat in die hande gekry is om hom by die meningsopname in te sluit, veral aangesien ons Maranaterende redakteur, Linda, 'n konsekwente *deadliner* is.

Om 'n lang storie kort te maak, is Riaan toe op 'n latere geleentheid na sy kennis gevra oor die ses vrae, maar toe het sy niggie Monique so verskriklik inge*chip*, dat die antwoorde geen nut meer gehad het nie, want Monique is nie eerstejaar nie. Riaan het die opsie dat hy homself teken, verwerp met 'n ferm "ek kan net paralimpiese stokmannetjies teken" en daarom is besluit om die situasie aan die oplettende lesertjies te verduidelik. Indien iemand wil weet of Riaan weet wie Colin Powell is, moet hulle hom maar vra.

Hier was weer invasies van allerhande rigtings af. Eerstens het Johan Veurink uit Nederland gekom vir 'n halfjaar of iets. Hy is die beroemde Rijanne Veurink se broer, maar indien julle nie meer Rijanne onthou nie, was sy bowendien nie so beroemd nie, tog wel al meer as 'n jaar terug hier en is julle geheueverlies begryplik. Welkom Johan!

Verder het Chrisjan en sy niggie Margriet ook gekom. Dit was vir 'n naweek, maar hy het sy *15 minutes of fame* tog maar mooi weer gekry, deur weereens op die TV te verskyn toe hy op Loftus gesit het. Hmm, sy verskyning op Loftus is redelik verdag. Miskien wou hy vir 'n keer rugby sien. Margriet se impak op Pretoria het ongeveer tussen Marco Borsato en Spur opgehou. Hoop julle het die tyd geniet!

En so beweeg ons aan na die vakansie en indien my kontakte my reg inlig, gaan daar 'n magdom verdwaalde Gautengers Kaap toe. Dit dien as 'n waarskuwing vir die Kapenare, want met mense soos Ronald en Iwan kan die vakansie net hiperaktief raak. Sterkte solank.

Ek groet u.

Ander

KNOPPIE IN DIE HEELAL?

"Ek glo in God die Vader… die hemel en die aarde en alle skepsels uit niks geskep het."
-NGB, Artikel 12

Miskien sal net die hoogs opgeleide tegnici in die toekoms nog in God die Skepper kan glo. Volgens Jan Publiek het alles sommer 'vanself' ontstaan. Sy hele lewe gaan mos 'vanself'? Hy druk op 'n knoppie en die lig in sy badkamer skyn. Hy draai aan die kraan en sy stort gee water. Dit kos een beweging om die stoof aan te sit en hitte te kry. Alles verg net die druk van 'n paar knoppies. Dit was so toe hy nog 'n kind was, dus is dit hoe dit behoort te wees.

Tegnici weet beter as dit. Hulle weet hoe weerbarstig die materie is. Dat 'n enkele nul 'n rekenaar kan laat vasloop. Dat 'n tiende van 'n graad temperatuurverskil 'n ongewenste chemiese reaksie kan laat plaasvind. Hulle weet: oor die skepping is nagedink, dit moet so wees. Hierdie kompleksiteit bestaan nie vanself nie.

Vir Jan Publiek is storinge irriterend: hulle onderbreek die groot Vanself. Want wat help 'n motor wat skielik nie meer wil ry nie? Die werktuigkundige is egter nie so verbaas nie. Hy weet hoe spesifiek alles werk. Alle kleppe en brandstoftoevoer. Ná die herstel luister hy vol verwondering na die reëlmatige geluid van die werkende enjin. "Die enjin werk weer," sê hy tevrede. "Logies," meen Jan Publiek.

Net soos dit, kry ook die Christene 'n ander visie op God se skeppingswerk. Hy het in een aksie lig geskep, wat volgens hulle die volgende beteken: Hy het êrens in die heelal 'n knoppie gedruk. Om te skep, is: dink iets uit en sê vervolgens vir 'n rekenaar om dit te doen. Die Skepper word dan in feite die Bediener van die Vanself-program. Die feit dat God mý Skepper is, beteken ook nie meer as dat Hy 'n knoppie gedruk het waaruit ek vanself ontstaan het nie. Maar hoekom sal Hy dan nou iets oor my te sê hê? Ek funksioneer mos deur die krag van die groot Vanself? Hierdie naamlose krag beheer my lewe meer as God. Daarom kry ek soms die gevoel dat Hy so ver weg is.

Maar Hy het my uitgedink. Elke afsonderlike sel is sy idee. En die ideë daarvoor was ook van Hom. Hy het nie voorbeelde nodig gehad nie en nie 'n simulasieprogram om te kyk of dit gaan werk nie. En dat ons dit wél gebruik, is ook sy idee. Niks gaan vir Hom vanself nie. Elke asemhaling gebeur op sy bevel. En elke sonsopkoms ook, want Hy is baie, baie groter as ons. Hy sien sy eie wonders raak, terwyl ons dink dat dit vanself gaan. Hy is só groot dat Hy hulle almal kan sien.

Vertaalde rubriek *Zeker Weten* uit Nederlands Dagblad, Januarie 2004.

Verjaarsdae

Bethal

Albert Coetzee	16 Mrt

Kaapstad

Corrien Geleijnse	01 Mrt
Sjirk Geerts	05 Mrt
Maarten Raimond	21 Mrt
Corlia Drijfhout	07 Apr
Alfred Haak	24 Apr

Maranata

Bertha de Jager	03 Mrt
Gerda Aartsma	24 Mrt
Erik Visser	30 Mrt
Marinus de Jager	31 Mrt
Irma Boon	20 Apr
Jessica Kampman	21 Apr
Wilna Kerkhoff	28 Apr
Janneke de Vries	30 Apr

Pretoria

Ineke Roose	02 Mrt
Jan Lubbinge	13 Mrt
Natasha Danielz	25 Mrt
Pieter Bron	25 Mrt
Albert vd Poel	26 Mrt
Frank Douma	30 Mrt
Monique Bosker	04 Apr
Ingrid Byker	13 Apr
Petra Ros	14 Apr
Jo-Rien v Staden	16 Apr
Annelie Hagg	20 Apr
Ranko Agema	23 Apr
Nicolas Kleyn	26 Apr

Johannesburg

Peter Hamming	12 Mrt
Wolter Bijker	20 Mrt
Johan van Lith	22 Mrt
Pauline Seijdlitz	27 Mrt
Jeannette Bekker	08 Apr
Leo Boessenkool	23 Apr

Yesterday's hurt
Is Today's understanding
Rewoven into tomorrow's

... LOVE...

Sorrow is looking back
Worry is looking around
Faith is looking up.

Sperdatum vir volgende uitgawe: 25 April 2004